# SNIPPER-SNIP SWEMSKOOL

**012 998 6679**

**Snippersnip2@gmail.com**

| | |
|---|---|
| Van: | |
| Kind se noemnaam: | |
| Ouderdom: | |
| **Moeder se naam:** | |
| Beroep: | |
| Sel: | |
| Werk: | |
| **Vader se naam:** | |
| Beroep: | |
| Sel: | |
| Werk: | |
| Posadres:<br><br>Kode: | |
| Huisadres: | |
| Telefoon: (Huis) | |
| E-pos adres (Mamma): | |
| E-pos adres (Pappa): | |
| Dokter: | |
| Telefoon: | |

| **MEDIESE INLIGTING** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| Hart probleme | | |
| Bors probleme | | |
| Ortopediese probleme (spesifiseer) | | |
| Epilepsie | | |
| Diabeties | | |
| Oor- / Gehoorprobleme (omkring) | | |
| Allergieë: Hooikoors / Asma / Sinus/ Bysteek (Omkring) | | |
| Chroniese verkoues / seer keel / hoofpyne (Omkring) | | |
| Dra u kind 'n bril? | | |
| Het die kind al vroeër swemlesse geneem? | | |
| Kan mamma swem? | | |
| Kan pappa swem? | | |
| ***Het u kind 'n vrees vir water?*** | | |
| **Enige ander mediese probleme?** | | |

**Deel 2**

**REËLS EN REGULASIES**

1. **SWEMSKOOL URE**

**1.1** Die Skool sal gewoonlik oop wees van MAANDAE tot WOENSDAE tussen 10:00 en 18:00 asook op SATERDAE soos ooreengekom.
**1.2** Geen klasse sal gedurende openbare vakansiedae en dele van sekere skoolvakansies gegee word nie.
**1.3** Vakansie programme sal gedurende Desember aangebied word, die program is opsioneel.
**1.4** Elke klas sal 20 minute lank wees (een of twee keer per week).
**1.5** Ons werk op 'n termyn basis, 12 of 24 lesse per termyn.
**1.6** Geen lesse sal ingehaal of afslag sal gegee word as u laat is, of die kind het 'n speeldag of enige ander rede nie. Lesse sal net ingehaal word as ons 'n dokters sertifikaat ontvang of as die instrukteur siek is.

2. **FOOIE**

| | | |
|---|---|---|
| Een klas per week: | R 500 | per maand of R1300 per termyn per kind |
| Twee klasse per week: | R 600 | per maand of R1600 per termyn per kind |
| Registrasie fooie | R 300 | per kind |

**2.1** Die ouer onderneem om registrasiegeld van R300 te betaal by ondertekening van hierdie ooreenkoms. Die registrasiegeld is nie terug betaalbaar nie. Indien Ouers swemlesse vir 'n tydjie staak, moet hul weer registrasiegelde betaal.
**2.2** Die ouer onderneem om 'n maandelikse vooruitbetaalde fooi van R................. (volgens u keuse hierbo) te betaal, op of voor die **5de** dag van elke maand.
**2.3** Die skool behou die reg voor om bogenoemde fooie jaarliks te verhoog nadat daar aan die ouer 15 (VYFTIEN) dae skriftelike kennis gegee is van die skool se voorneme om sodanige fooie te verhoog en van die datum waarop verhoogde fooie betaalbaar sal word.
**2.4** Betalings kan EFTgeskied, tjek of kontant. Indien fooie per tjek of kontant betaal word, moet dit in die kleuter se koevert geplaas word en dan in die posbus wat aangebring is in die swemlokaal.

**Die bankbesonderhede vir die swemskool :**

| | |
|---|---|
| Naam: | Snipper-Snip Swemskool |
| Bank: | Eerste Nasionale Bank |
| Takkode: | 252445 (Menlyn Retail Park) |
| Rek. Nr. | 62071048310 |
| Verwysing: | Kind se naam |

**3. ALGEMEEN**

**3.1** Geen kind mag sonder toesig voor of na klasse op die skool se perseel gelaat word nie. Die skool sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir die kinders buite klas-ure nie.
**3.2** Kinders met aansteeklike siektes mag nie klasse bywoon nie, soos bepaal deur die Gesondheidswet en ander soortgelyke wette.
**3.3** Die skool onderneem om alles in hulle vermoë te doen om enige ongelukke of beserings aan die kleuters te voorkom, maar die skool sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir enige beserings of siektes buite hulle beheer wat deur die kleuter opgedoen mag word terwyl sodanige kleuter onder die toesig van die swem instrukteur is nie.
**3.4** Die ouer verstaan verder dat daar **geen** afslag van die fooi gedurende alle vakansietye en wanneer die kind nie van die swemskool se fasiliteite gebruik maak nie, toegestaan sal word nie.
**3.5** Die ouer erken voorts dat hierdie kontrak nie beëindig kan word sonder kennis in terme van Deel 3 hiervan selfs in gevalle waar die kleuter as gevolg van siektes of ander mediese en/of sielkundige redes nie, die swemskool mag of kan bywoon nie.
**3.6** Ouers word versoek om die skool vroegtydig te laat weet indien u kind nie 'n klas kan bywoon nie. Gereelde bywoning is egter van groot belang vir die ontwikkeling van die kind.
**3.7** Geen ouers word toegelaat in die swemlokaal nie aangesien dit u kind se konsentrasie beïnvloed. Ouers word versoek om deur die skuifdeure te kyk.

**3.8** Ouers word versoek om toe te sien dat u kinders swempette dra aangesien dit die swembadpomp se leeftydperk verleng. Dit is ook vir alle higieniese doeleindes.

**Deel 3**

**WETSBEPALINGS**

**1. TERMYN VAN KONTRAK**

Hierdie kontrak is vir 'n onbepaalde tydperk en kan alleenlik beëindig word indien:

1.1 Die ouer versuim om die skool se maandelikse fooie stiptelik te betaal in welke geval dit nie vir die skool nodig sal wees om die ouer skriftelik kennis te gee van sy voorneme nie.

1.2 Die ouer sal geregtig wees om die kontrak te beëindig indien die ouer **een kalendermaand** kennis gee. Die ouer erken verder dat die kontrak slegs beëindig kan word deur 'n skriftelike kennisgewing, al is die rede van die kontrak gegrond op mediese redes, onvoorsiene verhuisings of verplasings en verhoogde fooie.

1.3 Die ouer onderneem om solank as hierdie kontrak geldig is, die skool onmiddellik skriftelik in kennis te stel van enige adresverandering van die adresse vervat in Deel 1 van hierdie kontrak.

1.4 Die skool het die reg om toegang tot die skool vir die kleuter vir enige rede te weier of indien enige van die terme hiervan, of indien enige van die reëls van die skool nie deur die kleuter se ouers nagekom word nie, om hierdie kontrak sonder kennisgewing te beëindig sonder om enige redes aan te voer en/of hierdie kontrak op een kalendermaand se skriftelike kennis te beëindig.

**2. ALGEMEEN**

2.1 Hierdie ooreenkoms stel die hele ooreenkoms tussen die partye ten opsigte van die sake hierin genoem, daar en die partye boekstaaf dat daar geen verstandhoudings, waarborge of verbintenis bestaan wat nie in die ooreenkoms uiteengesit is nie.

2.2 Geen wysiging van die ooreenkoms is van krag tensy dit op skrif gestel en deur die partye onderteken word nie.

**3. KOSTE**

Die ouer onderneem om alle kostes wat die skool mag aangaan om enige gelde in te vorder voortspruitende uit hierdie ooreenkoms te betaal op 'n prokureur en kliënt skaal, tesame met invorderingskommissie, asook opsporingsfooie wat aangegaan mag word in terme van die bepalings van hierdie kontrak, ensovoorts.

**4.** Die ouer se handtekening op hierdie kontrak is 'n erkenning dat die ouer optree namens beide ouers, of die natuurlike voog van die kleuter, of die toesigbeherende van die kind, ongeag van watter een van die ouers hierdie vorm teken en indien die voog of die toesigbeherende ouer of die agent vir die voog sal albei ouers verantwoordelik wees vir alle verpligtinge in die nie-nakoming van die bepalings hiervan.

**5.** Hiermee verklaar ek dat ek geen eis teen Snipper-Snip Swemskool en/of enige werknemers van gemelde skool sal instel vir enige skade opgedoen deur enige persoon, wat moontlik mag ontstaan in die uitvoering van die besigheid van die swemskool, welke gebeurtenisse en of voorvalle soos lewensverlies, diefstal, liggaamlike beserings of enige ander skade wat ook al mag ontstaan, insluit maar nie beperk is tot slegs hierdie gebeurtenisse nie.

GEDATEER te PRETORIA op hierdie ........................ dag van ..........................................................

______________________________________________________________

*VADER/MOEDER/VOOG/GROOTMOEDER/GROOTVADER/NATUURLIKE VOOG

* Indien die ouer nie die natuurlike voog van die kleuter is nie, dan moet sodanige ouer meld of sy getroud is en indien wel, of sy getroud is binne of buite gemeenskap van goedere en indien getroud binne gemeenskap van goedere, moet sy skriftelike toestemming van haar eggenoot aan die skool gee, in terme van welke skriftelike toestemming sy gemagtig word om hierdie kontrak te sluit en indien die ouer 'n geskeide dame is, moet sy 'n afskrif van die Egskeidingsbevel aan die skool beskikbaar stel. Sou die ouer van die kleuter 'n ongetroude moeder wees wat nog minderjarig is, dan moet sodanige persoon haar natuurlike voog se skriftelike toestemming aan die skool gee, dat sy gemagtig is om die kontrak te sluit.

GEDATEER te PRETORIA op hierdie ........................ dag van ..........................................................

________________________________

SWEMSKOOL